The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.


| Publication | | |
|---|---|---|
| DIE BURGER OOS KAAP SAKE 24 | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 11 | Wed 05 Sep 2018 | 4253.23 |


# Kosgroep Libstar sê sy syfers sál verbeter

**Hanlie Stadler**

Verbruikers koop al hoe meer voorbereide maaltye vir gerief, maar wil hê dit moet ook gesond wees.

Die genoteerde kosfirma Libstar – wat voorbereide maaltye, suiwelprodukte en bakprodukte in sy stal het – glo hy is goed geplaas om voordeel te trek uit dié tendense, wat produkte insluit wat op die middel- tot hoërinkomstemark gemik is.

Hy sê ook die daling in sy wins en winsgrens in die eerste helfte van sy boekjaar, die ses maande tot einde Junie, was 'n tydelike haakplek wat grootliks deur eenmalige faktore veroorsaak is.

Die firma sê in sy resultatevoorlegging hy het reeds in die eerste twee maande van die nuwe boekjaar teruggekeer na die winsgrense van voorheen.

Die sterker rand in die eerste helfte van 2018 vergeleke met 2017, 'n ooraanbod van vars sampioene in die mark (wat pryse onderdruk het) en 'n ses weke lange staking het alles bygedra tot die skerp daling in Libstar se wins.

Libstar, wat in Mei op die JSE genoteer het, besit onder meer Lancewood, Denny-sampioene, Lurpak-botter, ActII-springmielies en Goldcrest, en verskaf voorbereide maaltye aan onder meer Woolworths en Shoprite. Die maatskappy voer ook heelwat produkte na die Midde-Ooste uit.

Die maatskappy het al verlede week gewaarsku sy wesensverdienste, 'n belangrike maatstaf van wins uit bedrywighede, gaan skerp daal. Dit het toe inderdaad met 48% tot 13c per aandeel gedaal.

Die groep se bedryfswins het ook met 13,8% tot R223 miljoen gedaal, grootliks weens die sterker rand. Sy bruto winsgrens het met 1,5 persentasiepunte tot 20,9% gedaal.

Libstar se verkoopsyfers weerspieël verkrygings en samesmeltings eerder as 'n skerp styging in verkope. Sy totale verkope het met 14,2% tot R4,529 miljard gestyg, maar daarvan was organiese groei per inkomste net 3,7% en organiese groei per volume net 2,7%.

Libstar het in die ses maande drie verkrygings gedoen: die melkprodusent Sonnendal Dairies, Millennium Foods, wat onder meer pizzadeeg, olyfolie en olywe produseer of invoer, en Khoisan Tea, wat organiese en gegeurde rooibos- en groentee vervaardig.

Die maatskappy se genormaliseerde ebitda (verdienste voor rente, belasting, waardeverminderings en afskrywings) het met 4,3% tot R398 miljoen gestyg.

Andries van Rensburg, uitvoerende hoof, sê Lancewood lewer steeds "uitstaande" resultate en hy verwag dat dit in die tweede helfte van Libstar se boekjaar selfs sal styg. Lancewood het ná die einde van die boekjaar 'n reeks jogurt, smere en vooraf verpakte roomsouse in drie geure bekend gestel.

Die groep het ook streng kostebeheer deurgevoer en sê sy winsgrense het reeds in Augustus herstel tot vorige vlakke.

Hoewel Libstar verwag dat markomstandighede moeilik sal bly, sien hy uit na 'n sterker tweede helfte.

"Daar is groeigeleenthede deur ons onderneming heen… Ons het 'n nuwe reeks suiwelprodukte wat reeds uiters goed verkoop en ons stel nuwe produkte bekend, insluitend private-etiket-geurmiddels en voorbereide maaltye."

Die maatskappy gaan ook binnekort 'n aanleg vir vooraf gebakte fynproewersbrood en broodrolletjies (sogenaamde *artisan breads*) op die been bring.

Geen tussentydse dividend word verklaar nie.